MALAN VONK

Amptelike E-Nuusbrief
Official E-Newsletter

Malan-Familiebond van SA
Malan Family Association of SA

Summervale Leefstyloord, Gordonsbaai 7140
Summervale Life Style Estate, Gordons Bay 7140

(S): 081 779 2179; (F) 086 725 3059;
(e-pos/email): d.s.malan81@gmail.com

24ste UITGAWE DESEMBER 2020
24th EDITION DECEMBER 2020

KERSFEESUITGAWE

CHRISTMAS EDITION

Inhoud/Contents:

1. Uit die pen van die redakteur.
2. Oorsig van gebeure 2019/2020
2.1 23ste Malan-Familiebond Saamtrek
2.2 Presentation to owners of Moregenster
2.3 Uitsonderlike jaar vir die voorsitter
2.4 Presentation to Dr Brylyne Chitunge
2.5 Program vir 2021
2.6 Ledegeld vir 2021

1.UIT DIE PEN VAN DIE REDAKTEUR

Kersboodskap van vrede en liefde.

Vanjaar vier ons vir die eerste keer Kersfees te midde van Covid-19 grendeltyd. Toe ons mekaar 25 Desember 2019 'n Geseënde Kersfees' toegewens het, kon ons nooit voorsien wat 2020 vir ons sou inhou nie.

Dit was nie 'n aangename jaar nie. Baie se gesondheid het daaronder gely en die land is 'n erge ekonomiese knou toegedien. Talle besighede moes sluit en mense het hulle werk verloor. Dit was 'n jaar van afstande. 'n Jaar waarin families, geliefdes en vreemdelinge vér van mekaar moes bly. Ons hande was nog nooit so skoon nie. Ons het geleer om meer higiënies te leef. Omhelsings, 'n warm omgee drukkie en soengroet was taboe. Ons het mekaar emosieloos agter blou of swart maskers aangestaar. Daar was vrees. Vrees vir die onbekende. Vrees dat naas-bestaandes en ander geliefdes siek sal word.

Die eensaamheid en afsondering het aan ons gevreet.

Nogtans was dit 'n jaar waarin ons geleer het hoe om vrees en onsekerheid op 'n afstand te hou. Dit was ook 'n tyd waarin families ten spyte van al die reëls en regulasies tyd gekry het om mekaar beter te leer ken.

Daar is van die huis af gewerk. Ons het geleer om anders te dink en kreatief te leef. Ons het ook geleer om op 'n radikale nuwe manier te leef en te werk. Rom. 12:2 lui: "*Laat God jul verander deur jul denke te vernuwe.*" Kom laat ons soos Christus probeer dink en handel. Laat Kersfeestyd ons uitdaag om in vrede saam te woon, om onderlinge liefde te betoon en met eerbied teenoor mekaar op te tree.

Op 25 Desember herdenk ons die geboorte van Jesus Christus met groot blydskap. Daar was destyds ook groot vreugde onder die skaapwagters van Bethlehem toe hul verneem van die geboorte van Christus die Here. Selfs die wyse manne uit die ooste het geskenke gebring en Hom hulde betoon.

Wanneer ons met Kerfees die geboorte van die Seun van God herdenk, vier ons ook fees uit dankbaarheid. Ons eet saam en deel geskenkies uit. Die winkels is versier en pragtige Kersliedere word gespeel. Dit dra alles by tot 'n gevoel van afwagting, vreugde, vrede, liefde en geborgenheid.

'n Geseënde Kerstyd en Vreugdevolle 2021 word u almal toegewens

2. OORSIG VAN GEBEURE 2019/2020

2.1 Die **23 ste Familiebondsaamtrek** om die 30ste verjaardag te vier het plaasgevind op 5 Oktober 2019 te Wellington.

Ons het Welbedacht, plaas van Schalk Burger besoek, waar ons hartlik deur hom en sy gade ontvang is.

Hy het ons ingelig oor die geskiedenis van die plaas en veral die pogings wat hy al aangewend het om die Groenbergskool te laat restoureer. Welbedacht was voorheen vir bykans 200 jaar in die besit van Malans. Die voorlaaste eienaar was Francois Malan.

Schalk Burger aan die woord.

Schalk is ‘n baie trotse wynboer en ons moes natuurlik van sy lekker wyne proe.

Welbedacht se wyne.

Groep Malans voor die kelder te Welbedacht. Selfs die kleingoed het hulself geniet.

Onderweg na die Wellington Museum het ons aangedoen by Groenvlei plaas van Petru Malan vir tee en koffie.

Plaasopstal te Groenvlei.

Malans in die tuin van Groenvlei luister aandagtig hoe Petru Malan hulle meer omtrent die geskiedenis van die plaas vertel.

Wellington Museum waar die Bond sy 30 ste verjaardag gevier het.

Na die verwelkoming deur die voorsitter, het Dr Andrew Kok ons ingelig oor die belangrike rol wat Familiebonde speel met die bewusmaking van familie-eenheid, familietrots en hoe om onderlinge skakeling te vestig. Dit alles lei tot die versameling en bewaring van argivale dokumente en -fotos en uiteindelik na genealogiese navorsing oor familiebande en die publikasies van familiegeskiedenis en stambome. Die instandhouding en uitbouing van ‘n nuusbrief is ‘n belangrike kommunikasie middel veral ook met behulp van die internet. Ander belangrike aspekte is die reël van reünies, saamtrekke, sosiale byeenkomste en skakeling met bevriende binne- en buitelandse persone en organisasies. DNS-navorsing wêreldwyd om famileskakeling oor kontinente te bepaal, is die nuutste toevoeging tot genealogiese navorsing.

Dennis Malan en Dr Andrew Kok. Links is Malan-skinkbord uitgegee in 1951 tydens die eerste saamtrek te Franschhoek. Agter is houtsneewerk deur Jeanette Malan, De La Fontaine, Wellington 1975 en voor regs is “Die Malans van SA.”

Ons verdaag na Perfect Place Restaurant vir middagete en gesellige samesyn.

Die Malans lê weg aan ‘n smaaklike middagete te Perfect Place en kán hul kuier! Daar word onophoudelik gesels.

Hierna was Evan Franklin aan die woord. Hy het ons op ‘n DNS wêreldtoer geneem. Hierdie is ‘n nuwe toevoeging tot die Malan Familiebond se navorsing in SA wat bykans afgehandel is. Evan Franklin, gebore Malan, se belangstelling in DNS-navorsing het begin toe hy meer wou weet oor wie sy voorgeslag was en vasgestel het dat hy ‘n gebore Malan was.

Met behulp van ‘n skyfie-aanbieding het hy ons ingelei in die wonderwêreld van DNS, wat ons eeue terug in die geskiedenis kan neem. Vir sommige van ons bly dit ‘n onverstaanbare en ingewikkelde navorsingsveld. Evan en Danie van Stellenbosch doen vir die Malan Familiebond reuse-werk in hierdie verband.

Dusver het Evan meer as 25 toetse gedoen waarvan hy meeste self bevonds het. Soos hy self sê; ”Hierdie het ‘n duur stokperdjie geword, maar is beslis die moeite werd.” Die lande wat betrokke is, is RSA, Engeland, Nederland, VSA, Uraquay en die Tjeggiese Republiek.

Evan Franklin ontvang ‘n spesiale oorkonde van Dennis Malan.

Danie (DG) Malan van Stellenbosch, mede-outeur van Die Malans van SA, het ons meer vertel van sy navorsing en die webwerf wat hy op datum hou. Ek haal aan in sy eie woorde: " Sedert die 3de uitgawe van die Malans van Suid-Afrika in April 2018 verskyn het gaan navorsing oor die Malans voort. Nuwe bronne soos ***identitynumber*** is ontdek wat 'n goudmyn van inligting na 1900 is. Daar is ook ontdek dat daar baie meer van die doopregisters, huweliksregisters en sterftekennisse op ***familysearch*** beskikbaar is as wat aanvanklik gemeen is. Die bronne word tans bygewerk by die register, asook dié van aangetroudes. Bron verwysings word ook uitgebrei. Heelwat foute is reeds ontdek en reggestel Tans is meer as 2 400 persone se inligting reeds aangevul wat omtrent 18% van die register is. Dié nuwe navorsing is beskikbaar op die geslagsregister op die Bond se webwerf, http://malanbond.co.za. Daar word geskat dat dit nog 'n jaar of wat kan neem om al die nuwe bronne by te werk, aangesien dit maar 'n tydsame proses is."

Danie (DG) Malan ontvang 'n oorkonde vir sy volgehoue bydrae tot voordeel van die Malan Familiebond.

"Soveel nuwe inligting is reeds by die register bygevoeg dat die 2018 uitgawe eintlik alweer heel uit datum is. Daar word reeds gedink om 'n 4de uitgaaf van slegs die geslagregister in elektroniese formaat te publiseer, na voltooiing van die nuwe navorsing."

'n Paar jaar gelede het Danie Malan van Stellenbosch met die Malan digitale argief begin. Die idee was om al die navorsing digitaal bymekaar te bring om die huidige en toekomstige navorsing te vergemaklik.

Dit sluit ook fotos en ander digitale materiaal oor die Malans in. Wyle Dr Hercules Malan se navorsingsmateriaal oor die Malans is bekom en sal mettertyd by die argief gevoeg word. Dankie aan sy seun Paul Malan daarvoor. Die argief vorm dan ook die basis vir die bewaring van die navorsing wat oor die afgelope meer as 30 jaar gedoen is. Die argief word tans snags automaties na 'n geheuestokkie geskryf wat aan die Bond oorhandig kan word indien nodig.

Die middagprogam is voortgesit met 'n kort insetsel oor **Isabeau le Long** stammoeder van die Jordaans, Malans en Kriels. In die Hugenote Museum word haar van aangegee as **Long**. Vandag sal sy moontlik bekend staan as 'n De Lange. Daar is baie min oor haar bekend en navorsing oor die Le Long's of Long's behoort interessant te wees.

Die sny van die **verjaardagkoek** met teetyd deur Paul Malan, seun van wyle Dr Hercules Malan, was 'n hoogtepunt.

Na die tragiese dood van Hercules tydens 'n vakansie te Mauritius op 24 Mei 2019, het Paul die reusetaak op sy skouers geneem om **The Malans of SA** persklaar te maak, te laat druk en uit te gee. Hierdie taak het hy baie suksesvol voltooi. Baie geluk Paul !

Paul Malan (seun van wyle Dr Hercules Malan) sny die verjaardagkoek ter viering van die 30ste bestaansjaar van die Malan Familiebond.

Na die huldeblyke aan wyle Oom Japie Malan (99) en wyle Dr Hercules Malan is **"The Malans of SA"** deur Paul Malan bekend gestel.

Die bestuur van die Malan Familiebond is van L na R: Danie (DG) Malan, Edie Malan, Evan Franklin (Onder-Voorsitter), Dr Jan Malan, Dennis Malan (Voorsitter) en Paul Malan. Afwesig Danie Malan (Boksburg) en Dr Faffa Malan (Pretoria).

2.2 Presentation of The Malans of SA to the owners of Morgenster.

On 28 January 2020 Evan and Jeannine Franklin, Edie and Beatrix Malan and Dennis Malan met with the owners of Morgenster to present them with the 4 volumes of ***The Malans of SA.*** We were welcomed by Federica and Alessandra Bertrand and treated on well brewed coffee, biscuits and chocolates.

Representatives of the Malan Family Association from left to right Evan and Jeannine Franklin, Federica Bertrand, Dennis Malan, Alessandra Bertrand, Beatrix and Edie Malan in front of Morgenster's Manor House.

2.3 'n Besondere jaar vir Dennis Malan, Voorsitter van die Malan Familiebond.

Op 9 Junie 2020 skakel Dr Karel Prinsloo (Hoofredakteur van Plus 50 Media en Uitvoerende Vervaardiger van "Met huppel in die stap") vir Dennis Malan en nooi hom om deel te neem aan TV-opname wat 15 Junie 2020 te Morgenster verfilm word.**12 Augustus 2020** word die program uitgesaai onder die titel ***Familiefeeste***, waarin Dr Andrew Kok en Isabel Groesbeek van die FAK ook opgetree het. Wat 'n besondere geleentheid om die Malan-bond te promoveer.

19 Oktober 2020 tree Dennis ook op in **Prontuit** (kanaal 144) na 'n onderhoud met Kabous Meiring. Die onderwerp was Genealogie met klem op navorsing oor familiegeskiedenis, familiebonde en plekke asook waar inligting bekom kan word.

Op **24 Oktober 2020** tydens die **Hugenote Vereniging van Suid-Afrika se jaarvergadering** word **Erelidmaatskap** aan Dennis S Malan (Voorsitter van die Malan Familiebond) toegeken vir sy jarelange toegewyde diens aan die Hugenote Vereniging van SA en die Malan Familiebond van SA.

Veels geluk, Dennis! Jy verdien die erkenning ……*Evan Franklin*

Dr Andrew Kok oorhandig Erelidmaatskapsertifikaat aan Dennis Malan.

2.4 On 21 November 2020 Dr Brylyne Chitunge was presented with the English version of "The Malans of SA." The Malan Family Associaton has a longstanding relationship with her and the presentation was a way to thank her for her efforts to establish commercial farming in SA and beyond its borders.

Dr Chitunge is the owner of Brandbach, a farm in the Cullinan District, which was the original farm of Daniel Malan (1799 – 1881) and his posterity who farmed at Brandbach for many years. After the presentation representatives of Malan Family Association were treated with an outstanding lunch at Silver Lakes Golf Club, Pretoria.

At the presentation function of *"The Malans of SA "* the following persons were present : Dr Andrew Kok (Chairperson of the Huguenot Society of SA), Isabel Groesbeek (Genealogist), Dr Faffa Malan, Dr Brylyne Chitunge, Herman Malan and Dennis Malan.

Dr. Chitunge is South Africa's most successful female commercial farmer and has been appointed as the Pan-African Parliament's food security ambassador. She supports woman biotech in Africa to combat poverty.

She sees that her role going forward is to ensure that Africa is food secure and starts with focussing on the solution – "Let's go farming. Let's go change Africa together."

She was previously employed by the United Nations and served as an advisor to the President of Zambia. She is also one of Africa's award winners for Innovation in Agriculture and Farming. The award celebrates Africa's efforts to achieve the UN Sustainable Development goals.

Dr Chitsunge has a medical Ph.D in Molecular Medicine from UK and is a Microbiologist. She followed a dream to improve impoverished peoples' lives with sustainable farming. She breeds Nguni and Bonsmara cattle, as well as Kalahari red goats. She also ventured into cropping with tomatoes in greenhouses using less space and more technology and doing her own genetic selection.

Dr Brylyne Chitunge and Dennis Malan

2.5 Program vir 2021.

2.5.1 Die FAK se Genealogie en Familie Erfenisfees word beplan vir 10 April 2021 te Pretoria. Die Malan-Familiebond se Noordelike byeenkoms word vir die namiddag beplan.

2.5.2 Aangesien Morgenster op 28 Mei 310 jaar oud is, sal die Suidelike byeenkoms op 29 Mei 2021 gehou word.

2.5.3 6 Oktober 2021 is 'n baie belangrike datum in die Malan-Familiebond se geskiedenis. Dan is dit presies 70 jaar gelede wat die eerste Malan-saamtrek onder beskerming van Dr D F Malan, destydse Eerste Minister van SA, te Franschhoek plaasgevind het. Die byeenkoms kan dan op 10 Oktober 2021 te Franschhoek gehou word.

2.6 Ledegeld van die Malanbond

Ledegeld bedra R150 per indiwidu/gesin per jaar. Die Malan Vonk is gratis. Landpos kos R30 per jaar. Maak asseblief u betaling uit aan Malan-Familiebond, ABSA-rekeningnr.: 916 844 8977, STRAND. Taknr.: 632 005 deur direkte- of internet betaling. U verwysing is u naam, van en plek. Donasies is ook welkom.

Vriendelike Malan-groete/ Friendly Malan greetings,

Dennis Malan, Redakteur.